Jongensfontein Inwonersvereniging

JIV

Jongensfontein 6675

**<u>Voorsittersverslag 2023 AJV</u>**

**Die JIV het 'n besige 2023 gehad om verskeie aktiwiteite te organiseer asook om met die Hessequa Munisipaliteit en buitekontrakteurs te skakel.**

**Die volgende kwessies was oorheersend gedurende 2023:**

- **Installering van vesel regdeur die dorp;**
- **Groot vloedskade en daaropvolgende herstel;**
- **Watertoevoer;**
- **Vorming van 'n sterk, aktiewe Buurtwag.**

**1. <u>Installering van vesel</u>**

**Met groot plesier en tevredenheid bevestig ek dat Jongensfontein na vesel omgeskakel is. Alhoewel die lê van die vesel 'n sorglose operasie was wat deur Openserve onderneem is, was die aanvang aan die Oostelike kant nie sonder sy uitdagings nie en het die stelsel "afgegaan" as gevolg van oorlading op 'n gereelde basis, veral gedurende aandspitstyd. Gelukkig het die JIV-komitee 'n goeie verhouding met Openserve ontwikkel tydens die aanvanklike fase van die projek en het ons saam daarin geslaag om die tandekryprobleme in 'n kort tydperk op te los.**

**Om die veselprojek in die Westelike helfte van Jongensfontein te begin was 'n groot uitdaging.**
**Om redes wat slegs beskryf kan word as die "waansin van rompslomp" is Openserve ingelig dat, ingevolge die Munisipaliteit se Wayleave-beleid, hulle nie die bestaande houtpale in Jongensfontein-Wes mag gebruik nie en alle vesel ondergronds gelê moes word. Dit sou eenvoudig nie 'n koste-effektiewe opsie wees nie. Die JIV het ingegryp en te danke aan die geduld van Openserve en die deursettingsvermoë van ons wyksraadslid, Tinus van den Berg, het werk aan die einde van September in Jongensfontein-Wes begin en is vroeg in Desember afgehandel. Regstreekse toetse is suksesvol onderneem en Openserve is besig om vesel aan verskeie huise te koppel.**

**2. <u>Groot vloedskade en daaropvolgende herstel</u>**

**Dit was met 'n swaar hart dat ek die ernstige skade aan die "Getypoel" (Swemgat) area, Strand Straat en ander dele van Jongensfontein ondersoek het as gevolg van fratsgolwe en wind wat ons dorp op Saterdag 16 September getref het.**

**Ons was die dorp in Hessequa wat die ergste getref is.**

**Ek het 'n noodvergadering bygewoon onder voorsitterskap van die Munisipale Bestuurder van Hessequa op die 19de September en daar is ooreengekom dat die JIV die koste van skade aan die bates wat hy verskaf het sal betaal terwyl die Munisipaliteit dieselfde sal doen vir die res van die skade.**

**Onmiddellik na die vloed het Hessequa Munisipaliteit hulself oortref met skoonmaakaksies in Strand Straat en ook verseker dat elektrisiteit teen Sondag 17 September na geaffekteerde dele van die dorp herstel is. Vroeg in Oktober het 'n subkontrakteur, in opdrag van Hessequa, begin met herstelwerk aan die Getypoel-parkeerarea wat deur die storm verwoes is. Die werk is vroeg in November afgehandel en ons het nou 'n groter parkeerterrein met 'n uitstekende oppervlakafwerking.**

**Met betrekking tot die JIV-bates is beide Lapas vernietig en in die see gespoel, twee van die braaiers is erg beskadig en verskeie tekens en veiligheidsboeie het eenvoudig verdwyn.**

**Die JIV het 'n vloedramphulpfonds begin en net meer as R70 000 ingesamel. Ek wil my opregte dank oordra aan al daardie wonderlike mense wat so mildelik bygedra het.**

**Met die skryf van hierdie verslaf is ons besig om twee nuwe Lapas te voltooi wat geplavei en van 'n ronde tafel en drie bankies voorsien sal word. Die braaiplekke is herstel, en ek wag vir 'n veiligheidsboei met tou wat naby die swemgat geplaas gaan word.**

**Ten slotte, dankie aan die Munisipaliteit vir die vervanging van die handreëlings en die bou van 'n nuwe trap.**

**In kort "die swemgat is nou reg vir besigheid".**

## 3. Watertoevoer

**Soos julle almal weet, is water ons kosbaarste kommoditeit en ek kyk daagliks na ons dam en pomphuis. Die afgelope jaar was egter 'n moeilike een in terme van 'n verouderende waterpyp retikulasiestelsel wat geneig is om pype te bars met die daaropvolgende verlies van groot hoeveelhede water.**

**Dit was veral die geval in die ou groter deursnee asbespype wat na en van die reservoirs lei, asook 'n hooftoevoerpyp wat langs Fonteinsingel loop wat gebars het en onlangs groot skade aan die pad aangerig het.**

**Die Munisipaliteit is besig om hierdie kwessie aan te spreek en ons het tans 'n kontrakteur op die perseel wat besig is om die ou pype te vervang met nuwe PVC dikwandige pype in die gebiede hierbo genoem.**

**Om 'n konstante en voldoende watertoevoer te handhaaf word bemoeilik deur beurtkrag en eienaars wat selfsugtig waterbesparingsreëls verontagsaam.**

**4. <u>Buurtwag</u>**

**Die vorming van 'n goeie Buurtwaggroep in Jongensfontein oor die afgelope paar jaar was nie suksesvol nie en dit lyk of ons oor die algemeen lippediens aan die hele konsep gegee het.**

**Gelukkig het dit die afgelope maande verander danksy die toegewyde pogings van 'n kerngroep mense wat bekwaam gelei word deur Henry Matthyser.**

**Tussendeur 'n mynveld van SAPD-reëls en -regulasies het hulle hul pad gevind en kan Jongensfontein nou spog met 'n sterk en lewenskragtige "Buurtwag" met gereelde patrollies in die nag en sinvolle interaksie met die polisie in Stilbaai.**

**5. <u>Ander sake</u>**

**Wat ander sake betref, die volgende is 'n afskrif van 'n e-pos wat ek op 4 Desember 2023 aan die Hessequa Munisipaliteit gestuur het nadat die JIV die uitslag van die referendum oor die Strand Straat Eenrigting straatkonsep ontvang het:**

*"1. Een-en-twintig (21) eienaars het geantwoord op die e-posse wat deur jou Departement uitgestuur is;*
*2. Veertien (14) eienaars het die JIV-aansoek teengestaan om Strand Straat te laat heraanwys as 'n Eenrigting;*
*3. Dit is 'n sterk meerderheid (67%) en die JIV het geen ander keuse as om die besluit te aanvaar nie;*
*4. Nieteenstaande 3. hierbo, bly die JIV van mening dat die chaotiese toestande wat gedurende die Feesseisoen in Strand Straat heers, die veiligheid van voetgangers en veral kinders ernstig in gevaar stel;*
*5. Gevolglik versoek die JIV met respek dat die Hessequa Verkeersdepartement getaak word om 'n omvattende opname van die verkeers-/voetgangertoestande wat in Strand Straat heers gedurende die komende Feestyd te onderneem en die Munisipaliteit en die JIV van 'n skriftelike verslag te voorsien van veiligheidsaanbevelings sou hulle die as belangrik ag."*

**Die inhoud is selfverduidelikend en ek het nog nie 'n antwoord ontvang nie.**

**Ten slotte wil ek alle lede bedank wat hul jaarlikse fooie betaal het en versoek vriendelik diegene wat dit nog nie gedoen het nie om dit asseblief te doen. Die bedrag bly R900 vir 2023/4.**

**Opregte dank aan Denise Barnes en haar tuinier asook Peter Protoulis wat 4 dae lank aan die hele noordelike kant van die nuwe swemgat parkeerarea geplant en besproei het.**

**Meer dankie aan Christo Cronje en sy seuns vir die verkryging van die lanterns. Ons het almal deur 'n stresvolle tydperk gegaan toe dit gelyk het of ons die Lanternloop hierdie jaar sal moet kanselleer!**

Jongensfontein Inwonersvereniging

JIV

**Dan ook `n reuse dankie aan Louis Stander en sy span wat toegesien het vir die herbou van die twee verspoelde lapas by die swemgat.**

**Laastens, hartlike dank aan Antoinette van Zyl, Rilda Saayman, Rikus Fick, Corne van Wyk en Drienie du Plessis wat dit reggekry het om 150kg Skaapstertjies te stoom vir braai by die Kersmark.**

**Vriendelike groete,**

**John.**

**Naskrif: Ons benodig dringend helpers vir die Pannekoek bak tydens die Kersmark Donderdag 21 Desember.**